**18 SEPTEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 94**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 94:16**

## Wie help my teen mense wat my verontreg?

Onreg frustreer en maak ‘n mens moedeloos. In die meeste gevalle is ek magteloos om my teen die onreg te verweer. Dit is inderdaad ’n swaar pil om te sluk en maak die hart opstandig. Daarom begeer die verontregte dat reg herstel moet word. Die ware skuldige moet pa staan vir die onreg wat gepleeg is. Daar moet skulderkenning en herstel kom. Niks minder sal weer rus en vrede in die hart bring nie. Die teendeel gebeur egter dikwels. Die skuldige verlustig hom in sy daad en is selfs so vermetel om daaroor te spog. Dit veroorsaak dat die onreg nog ondraagliker word.

Die psalmdigter ken hierdie stryd uit eie ervaring en ontsluit deur die inspirasie van die Gees aan elke verontregte die optrede wat God onder sulke omstandighede verwag. Die eerste is om die straf vir onreg aan God oor te laat. Hy sien al hierdie dinge raak en sal regverdig oordeel en gepaste straf uitdeel. Ook die onregdoener sal sy verdiende loon kry. Dat dit nie gebeur soos en wanneer ek dit wil hê nie, beteken nie dat God my nood nie raaksien of gering ag nie. Die tweede is om die onregdoener te vermaan. Hy moet besef dat God alles sien en weet. Hy moet besef wat die konsekwensies van sy dade sal wees. Wie weet, dalk spreek ’n liefdevolle vermaning sy hart aan en kom hy tot ware insig en bekering. Dan word die onreg wat my aangedoen is die middel tot sy redding.

*Sing: Psalm 95:9, 12* *Ds Dirk Pansegrouw (Oos-Londen)*